24 Mei *Hemelvaart* Skrifgedeelte: Eksodus 15:22-16:36 (OAV)
Fokusgedeelte: Eksodus 16:4

Brood uit die hemel

Na enkele weke in die woestyn begin die Israeliete by Moses en voor God kla en murmureer oor die kosvoorrade wat opraak. God handel egter nie met die volk soos wat hulle verdien nie. In plaas van straf, gee Hy uit genade aan hulle seën en versorging. God se versorgende genade oor die mens strek baie wyer as net die tasbare en eetbare middele. God openbaar aan hulle dat Hy hulle nie net uit Egipte uitgelei het nie, maar beslis sal aanhou versorg.
As verlostes in Jesus Christus verkry ons hiermee opnuut die versekering dat God ons saam met die verlossing ook verder sal beskut en bewaar. Hy laat nie die werke van sy hande vaar nie. Na sy kruisiging en opstanding uit die graf, volg dan ook sy hemelvaart. Dit is tot ons voordeel dat Hy na sy Vader moes gaan om vandaar die Heilige Gees na ons te stuur. Deur die Heilige Gees laat Hy ons ook vandag sy heerlikheid sien. Jesus Christus is die ware brood uit die hemel. Hy het self gesê: “Ek is die brood van die lewe” (Joh 6:35). Dit beteken dat Hy aan ons die lewe gee. Die ware lewe … die ewige lewe, is ‘n geskenk uit sy hand.
Sing: Psalm 107:1,4 Ds SA Cilliers (Waterberg)